Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Jorrer SE WYNE

# Die O.B.

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Jorrer SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 20 JUNIE 1945. No. 30.

# HONGERSTAKING IN TRONK

## VERGADERING EIS VERHOOR VAN TWEE GEVANGENES

## K.G. WAARSKU REGERING TEEN ONWETTIGE OPTREDE

### Russiese Metodes Toegepas Teen Afrikaanse Burgers

*„Dit is nou ses jaar lank wat moeders, vroue en kindertjies skielik geroepe word om afskeid te neem van hul seuns, mans en vaders wat na tronke en daarna na kampe gestuur is, sonder aanklag en sonder verhoor en dit moet nou 'n einde kry", het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verklaar toe hy 'n groot menigte Afrikaners verlede Donderdag op kort kennisgewing toegespreek het in die Pretoria-stadsaal onder voorsitterskap van professor C. Rautenbach.*

*Die vergadering is opgeroep nadat bekend geword het dat 'n paar Afrikaners wat vier weke gelede in hegtenis geneem is — vermoedelik in verband met die inbraak in die interneringskantoor van die Departement van Justisie — op 'n hongerstaking moes gaan ten einde 'n verhoor af te dwing. Hulle was intussen sonder aanklag in die tronk opgesluit, en na hulle met die staking begin het, is een van hulle aangekla van „diefstal van 'n rewolwer" en op £10 borgtog uitgelaat.*


*„Ons kan verstaan dat persone wat vir jarelank sonder aanklag en sonder verhoor in kampe opgesluit gesit het, sal belangstel in die verklarings wat hulle daar beland het, en ons verstaan ook die woede van die regering en die angs wat agter die woede skuil", het die K.G. verklaar na aanleiding van die inbraak in die kantoor van die Hoofbestuursbeampte.*

Die K.G. het gesê die doel van ons samekoms vanaand is om onsself te vereenselwig met twee hongerstakende volksgenote in die Pretoria-tronk. Dit is nie die gewone „protes"-vergadering nie, omdat die regering se optrede benede protes is. Veelmeer is hul hele handelwyse en hul handlangerspeurdiens 'n protes teen alle regsreëls en alle ordentlikheid. Dit is ook 'n vergadering om inligting aan die volk te verstrek oor die magsmisbruik teen landseuns wat al ses jaar lank onder oorlogsomstandighede geduld is en nou nie langer meer geduld gaan word nie.

Laat ons oor een kardinale punt duidelikheid hê: ons is nie hier om teen wet en orde te protesteer nie. Dit is 'n elementêre regsreël dat as iemand skuldig is, hy gestraf word. En om vas te stel of hy wel skuldig is, kla mens hom aan voor 'n ope hof. Almal moet aan die hof se gesag onderworpe wees — ook Du Plessis en Labuschagne. Ook die regering. Maar hierdie regering het homself in sekere sake bo alle howe verhef, asook bo alle reg en regverdigheid. En daarom is dit vir ons 'n eer om onsself vanaand in verband met hierdie hongerstaking met die regering se slagoffers te vereenselwig, en daarom sou ons dit as 'n persoonlike eerkrenking beskou om aan die regering se kant gereken te word.

#### VIER WEKE

Drie man, J. du Plessis, Labuschagne en J. de Bruyn, lê al sowat vier weke in die tronk sonder aanklag, sonder verhoor, sonder regsadvies. Dit word nie beweer dat hulle enige landswet oortree het nie.



Die K.G.

Hul opsluiting berus net op die willekeur van die politieke speurderafdeling — 'n afdeling wat al lankal begin ruik in die neusgate van die publiek. Die speurders handel onder 'n noodregulasie wat hulle magtig om sonder inmenging van enige geregshof enigiemand vir maande of jare op te sluit as hulle dink dat hy getuienis teen mede-Afrikaners behoort te gee en as hy nie wil getuig nie, of as hy nie kan getuig nie.

En nie net sluit hulle na hartelus hul medemense op nie, maar die behandeling in tronkselle is bereken om alle weerstand te breek, en sulke slagoffers wat nie eens van 'n wetsoortreding aangekla word nie, ontvang behandeling of liewer mishandeling wat 'n naturelle-misdadiger nie te beurt val nie.


'n Toestand heers waar die geregshowe in duisende gevalle uitgeskakel word. Aan magsmisbruik word vrye teuels gegee. Vir die politieke speurders beteken dit 'n paradys; vir sadiste beteken dit die saligheid; vir die regering beteken dit justisie.

#### NIE LANGER NIE

**Ses jaar het die volk dit geduld, langer gaan hy dit nie duld nie. Daarvoor getuig hierdie hongerstaking van Du Plessis en Labuschagne en daarvoor getuig hierdie Afrikanermassa hier.** Die keuse is duidelik: As u glo aan opsluiting van landseuns vir maande aaneen sonder verhoor, staan dan by dr. Colin Steyn. As u glo dat 'n klompie betaalde handlangers van die publiek, die politieke speurders, bo geregshowe verhewe staan, staan

(Vervolg op bls. 2 kol. 1)

VERLANG U NA
Blakende Gesondheid
Sterk Senuwees
'n Mooi Liggaamsbou
en
REUSEKRAG?
JOHAN HEFER
sal
u opbou van 'n swakkeling tot 'n stoere man
met
SPIERE SOOS YSTER
en
SENUWEES VAN STAAL
Dit maak nie saak hoe sieklik of swak u is nie. JOHAN HEFER se beroemde metodes sal u gesond en sterk maak.
JOHAN HEFER
Bus 3494 KAAPSTAD



JOHAN HEFER

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.
Naam ........................................
Adres ........................................
........................................

# Hongerstaking in Tronk

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

dan by dr. Colin Steyn. As u glo dat landseuns moet hongerstaak in tronkselle en tronkhospitale om die elementêre regte van elke misdadiger af te dwing, staan dan by dr. Colin Steyn. Maar as jy glo dat niemand in hierdie land bo die wet en die howe verhewe is nie en dat niemand die reg het om landsburgers in tronke te smyt sonder verhoor en selfs sonder regsadvies nie, staan dan by Du Plessis en Labuschagne.

## WAARSKUWING

Du Plessis lê in 'n baie verswakte toestand in die tronkhospitaal. Hy het gister nie kos gehad nie, ook nie eergister of die dag tevore nie of voor dit nie. Sedert agt dae het hy, ons broer, geen voeding gehad nie. In hierdie bittere koue en honger het die staal in sy Afrikanersiel nie gebreek nie. Kos het hy nie geneem nie en water vra hy tevergeefs — dit weier hulle om hom te gee. Ons wil 'n beroep doen aan die lede van die regering wat 'n besef van verantwoordelikheid het, en ek dink hier in die eerste plek aan die waarnemende Eerste Minister, en, as hy hier was, aan die Hoogedele Eerste Minister, om in te gryp eer dit te laat word en 'n gevaarlike situasie met onafmeetbare gevolge geskep word.

En aan die menere wat oor ons twee broers beskik, sê ons: As die manne skuldig is, bring hulle voor 'n hof. As hulle nie skuldig is nie, laat hulle los. Selfs 'n minister van justisie behoort so'n keuse te verstaan.

## ALMAL SE VRYHEID

Maar aan u, mede-Afrikaner, wil ek eerder sê dat hierdie hongerstaking en die reeks hongerstakings wat hierop gaan volg as die magsdronke C.I.D. nie voortaan deur die regering in die bek geruk gaan word nie, aan u wil ek sê dat hierdie staking veel verder gaan as net die opsluiting of loslating van ons twee broers in Pretoria-tronk. Johannes du Plessis en Labuschagne het geword die verpersoonliking van elke vryheidsliewende Afrikaner, of hy nou Afrikaanssprekend is of Engelssprekend, van elkeen wat nou na ses jaar se dwingelandy eindelik roep: ‚Halt! Tot sover en nie 'n tree verder nie!' Met hul pyn en honger en lewensgevaar stry hulle vanaand die stryd van hul hele volk. Nog altyd het die ware stryd van 'n onderdrukte volk geval op die enkeling daar agter ystertralies, eensaam in 'n foltersel; alleen in die veld teen 'n oormagtige en beterbewapende vyand, of alleen met vasgebinde hande en toegebinde oë teen 'n tronkmuur. Vir elke volkstryder kom die dood, wanneer dit kom, alleen, verlate op die slagveld, verlate onder die skavot, verlate teen 'n tronkmuur.

## JOPIE FOURIE

In dieselfde gevangenis waar Du Plessis nou uitgehonger in die hospitaal lê as offerande vir die hele volk, het Jopie Fourie alleen sy einde gevind as offerande vir die hele volk. Net soos die koeël, benat met Jopie se bloed, getrek het by tronkmure verby, oor velde en rante en Afrikanerharte by die duisende getref, en met sy gees aangesteek het, so is elke pynsteek wat ons broers daar folter, 'n pynsteek in die hart van die vryheid en van ons volk. En weersydig skep ons krag bymekaar — ons by die heldhaftige lyding van die twee manne, en hulle by die bewussyn dat hul volk agter hulle staan.

Maar aan hul folteraars roep ons: „God behoede dat een van ons hongerstakende broers sou te sterwe kom!"

## „ONS ONTHOU"

Die Minister van Justisie sou optimisties moet wees as hy hom verbeel dat ons die minste vertroue in sy administrasie of sy handlangers het. As amptelike beskermheer van 'n kommunistiese propaganda-organisasie is sy ywer kennelik. Ons onthou hoe hy 'n kommunistiese naturel, ene Moses Kotane, sekretaris van die Kommunistiese Party, onthef het van 'n aanklag onder die noodregulasies wat deur die publieke aanklaer teen Kotane ingebring was. Die voorreg wat ons hongerstakende broers met pyn en lewensgevaar moet probeer afdwing, naamlik verhoor voor 'n hof, dié was vir hierdie kommunis nie eens goed genoeg nie. Hy is regstreeks deur die Minister vrygespreek. Nie goed genoeg nie vir Moses Kotane, maar te goed vir Johannes du Plessis en Labuschagne!

## KINDERMOORDENAAR

Ons onthou ook die geval van 'n oorsese soldaat wat 'n afskuwelike moord op 'n onskuldige elfjarige meisie in Natal gepleeg het. Skuldig bevind en ter dood veroordeel deur 'n hof, is die moordenaar op dr. Colin Steyn se aanbeveling begenadig. En in die parlement het die Minister toegevoeg dat as die oorsese soldaat 'n Afrikaner was, dan sou hy hom laat hang het.

En ons onthou verder dat die hongerstakende Du Plessis en Labuschagne, wat nie skuldig bevind is nie, wat nie eens aangekla is nie, juis Afrikaners is — nie naturelle-kommuniste nie, en ook nie oorsese kindermoordenaars nie, dog die Minister se eie vlees en bloed.

## S.A. ROEP

Daarom, en omdat hulle met hul pyn en lyding ons almal se stryd stry teen 'n magsdronke dwingelandy, is ons vanaand hier byeen om te sweer dat ons ons mede-Afrikaners nie in die stryd gaan verlaat nie. Ons dink in 'n tragiese stemming aan ons volkslied: „Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra. Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika".

Volksgenote, Suid-Afrika roep haar seuns en dogters. Vanuit die selle van Sentraal antwoord Johannes du Plessis en Labuschagne. Hul antwoord word swakker by die dag en by die nag omdat hul liggame se krag afneem. Maar op Suid-Afrika se roepstem hoor ons hul antwoord, steeds swakker wordend: Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika!


---

## PANNEKOEK-AAND

Saterdagaand, 26 Mei, het die Vroue-kommando van Tiervlei andermaal bewys dat die „kopbeen" by hulle vol lewenslus is. 'n Gesellige funksie in die vorm van 'n pannekoek-aand by die huis van asst.-veldkornette Geldenhuys het die mooi bedrag van £8-11-0 ingebring, ter stywing van 8 Augustus-fonds. Sowat 40 gaste was teenwoordig en onder hulle was heelwat nie-lede van die O.B. Alle lof kom asst.-veldkte. Geldenhuys toe vir haar knap reëlings vir die aand.

# „Onwettige Vervolging Lei Tot Geweld"—Adjunk-K.G.

**Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, wat eerste aan die woord gestel is op die vergadering te Pretoria, is deur die voorsitter verwelkom as 'n man wat nie oor die vryheid van die Afrikanerdom geteoretiseer het nie, maar op vyftienjarige leeftyd self geweer opgeneem en geveg het vir die vryheid van 'n staat waarvan hy nie burger was nie. Hy kan dus oor vryheid praat.**



Die Adjunk-K.G.

Die Adjunk-K.G. het verklaar: „Noodregulasies is onwettig, nl. met die landswet en ons Romeins-Hollandse reg in stryd, en maak oortredings waar daar geen oortredings van die wet vir die handhawing van wet en orde is nie. Wat nie onwettig of onordelik is kragtens die landswette nie is en word so deur die noodregulasies gemaak".

Kragtens hierdie noodregulasies is baie burgers veronreg. In baie gevalle is hulle geïntimideer, die skrik op die lyf gejaag, en daardeur die vrede en rus verstoor. Wat meer is, baie wie se mense also veronreg, vervolg of wie se rus en vrede verstoor is, het gereageer met die gevolg dat hulle daardeur hulself ook sogenaamd skuldig gemaak het aan die oortreding nie alleen van die noodregulasies nie, maar selfs in sommige gevalle van die gewone wet.

## SLEGTE VOORBEELD

'n Opstand is verwek wat in etlike gevalle tot sabotasie en buitery aanleiding gegee het. Waar 'n gesag self die burgerlike wette oortree, is daar 'n reaksie van dieselfde aard.

Daar is mense wat sogenaamd vir diefstal, inbraak, sabotasie of soortgelyke oortredings gevonnis is, nie deur die gewone howe nie, maar deur spesiale howe en onder spesiale kodes, wat 'n erkenning van die kant van die owerheid is dat dit nie gewone misdaad was nie, maar 'n misdaad met politieke motiewe of gemotiveer deur politieke oorwegings, m.a.w. politieke teenstand teen die politieke gesag van die oomblik.

Die moeilikhede het begin toe eerbare burgers se huise stormgeloop, ondersoek, deursnuffel is asof hulle misdadigers is. Daar is na al die vervolging, internering sonder verhoor, kastydings deur opsluiting in die selle, later selfs wapens gevind by mense wat hulle in selfverweer begin bewapen het. Wat meer is, die owerheid wat burgers moet beskerm, het weerlose burgers wat van ander oortuigings was, vervolg en onskuldig in tronke en kampe opgesluit. Hulle het selfs skurkagtige provakateurs gebruik om mense te mislei of op te hits.

Soveel was die vervolging dat 4,560 siele, afhanklikes van hulle in die kampe en tronke versorg moes word wat die O.B.-Noodhulpfonds £71,656-11-0 tot verlede maand gekos het. Hierdie hulp was nodig om te voorkom dat die afhanklikes nie van honger, ellende en siekte omkom nie.

## ONSKULDIG

Dit is bekend dat die geïnterneerde broodwinners, wat meer as 900 was, nie skuldig was nòg aan oortreding van die gewone landswette nòg aan die oortreding van die noodregulasies nie. Die sogenaamde aanklagte is nooit geopenbaar nie, maar is toegesluit gehou in 'n kwartier vir internering.

Dit sal en kan nooit die daglig sien nie. Dit kan nie voor 'n regverdige hof nie, en nie eens voor 'n spesiale hof as aanklagte teen die mense gebring word nie. Hierdie metode, dié van 'n politieke speurdiens soos 'n kommunistiese skrikbewind, wat alle ordentlike en beskaafde regspleging verkrag, en nou aan die einde van die oorlog teen burgers van die staat gevoer word, het reaksie gevind in die vorm van 'n inbraak in daardie kwartier waar al die verraaiers en nuusdraers, trawante van 'n party-politieke skrikbewind, se onware beskuldigings gehuisves word.

As gevolg van daardie skrikbewind is klaarblyklike weerwraak geneem deur waarskynlik veronregte persone. Meteens is hot en haar gevang asof die burgers een en almal misdadigers en mense sonder regte is. Watter reg het die gereg om iemand bloot op suspisie in die tronk te stop?

## ONSKULD ERKEN

Van die nege is vyf vrygestel ná die oneer en vernedering hulle aangedoen is. Twee van die wat nog opgesluit sit, daag deur 'n hongerstaking die Justisie uit om òf hulle vry te stel òf hulle skuld te bewys.

En as Afrikaners hier vanaand steun ons hulle en eis ons hul vrylating of dat hul skuld bewys moet word. Ons waarsku die owerheid vir die gevolge van hierdie optrede. Die volk gaan sulke Russiese metodes en skrikbewind nie langer duld nie.

Professor Rautenbach het daarop gewys dat die noodregulasies in Engeland opgehef is. Die Minister volg dus nie die Britse voorbeeld nie, maar wel die voorbeeld van 'n staat met geheime polisie. Hy vertrou dat die bewindhebbers kennis sal neem van die gevaar wat sal ontstaan wanneer 'n gevoel dat ongeregtigheid seëvier, by die bevolking posvat.

---

# NET 14 UIT 91

Uit die 91 divisies wat Duitsland vanuit die weste binnegeval het, so het die Amerikaanse minister van oorlog openbaar gemaak, was slegs 14 Brits, vergeleke met 60 Amerikaanse, 11 Kanadese, vyf Franse en een Poolse divisie.

Dit was dus alles behalwe 'n Britse oorwinning.

# MAAR EEN DING IS NODIG . . !

## DUISTERNIS VOLG IN WESTE OP CHRISTUS-VERWERPING

### VOOR DIE DOOD SAL ONS VRY LEWE

**Die vorige keer is daarop gewys dat 'n nuwe ekonomiese stelsel van welvaart en geregtigheid alleen tot stand kan kom deur 'n ingrypende verandering ook van die ou regeringsorganisasie. Dit is nodig en sal dan ook vroeër of later gebeur: ons kan maar net help om dit te verhaas en in meer gesonde rigting te stuur.**

Maar nou moet ons nie dink dat so'n gewenste omwenteling 'n hemel op aarde sal bring nie. Want dan sal ons bedroë uitkom. **Verbetering kan dit seker bring, en daarvoor sal ons probeer werk.** Maar dit sal nog gepaard gaan met baie moeilikhede en euwels. Dit is dinge wat nou maar eenmaal die aardse bestaan aankleef.

Wat meer is, die nuwe stelsel sal besondere gevare van onderdrukking meebring, en die gees van die nuwe tyd is baie sterk geneig tot al groter afval van die Christelike geloof. Ons weet dan ook dat die tyd van die Christelike beskawing sy einde nader en ons sien in die gruwels wat nou oor die aarde losgelaat is, nie maar net 'n Asiatiese gespuis nie, maar uitwerkinge van die anti-Christelike gees van die laaste tyd in alle volke en lande.

Deur
**Prof. L. J. DU PLESSIS**

Hierteen moet ons ons wapen deur altyd in al die woelinge vas te hou aan die Rots van die Eeue, ons te laat lei deur die ewige Woord en Gees van God en ons plig in volle gehoorsaamheid te doen, met die vaste vertroue en hoop dat Christus self na die laaste dae alle dinge sal herstel, nie alleen in die hemel nie, maar ook op die aarde.

#### VERSKILLEND

En in daardie lig word ons versterk in ons oortuiging dat ons toekomstige stelsel wat ons as ideaal vir ons voorstel, in beginsel en grondslag en uitwerking moet verskil nie alleen van sommige van daardie verskillende stelsels wat nie in die geloof gegrond is nie, maar van almal. Daardie ideaal-stelsel van ons kan nie demokraties wees of kapitalisties nie, maar ook nie kommunisties of selfs in die eigelike sin nasionaal-sosialisties nie.

Die Ossewabrandwag het dan ook reeds genoeg sy anti-demokratiese gesindheid geopenbaar, en hy is besig om die kommunisme te ondergrawe deur die organisasie van 'n anti-kapitalistiese volkebond. Teen die nasionaal-sosialisme hoef hy in Suid-Afrika nie op te tree nie, maar dat hy wel 'n verskillende ideaal nastreef, is reeds vereers voldoende aangedui.

Die dinge wat nou in die buiteland plaasvind, die moorde en selfmoorde op groot skaal en ander gruwelikhede, is dan ook vir ons maar net besonder opvallende tekens dat ons pad nie die koers mag inslaan wat in Europa voorgeteken is nie. Want daardie gruwelikhede vloei nou voort uit die beginsels van die kommunisme, en ook van die nasionaal-sosialisme, omdat hulle nou in 'n doodsworsteling met mekaar verkeer.

**Maar hulle is ook uitvloeisels van die tipiese kapitalisme en demokrasie, as dié om lewe en dood veg. By almal is die mens se lewe sonder waarde as dit gaan oor die kwessie van die bestaan al dan nie van die stelsel, soos die demokrasie b.v. bewys het in die Franse Rewolusie en die kapitalisme in sy kolonisasie-geskiedenis en altwee ook weer in die huidige oorlogsbeleid.**

#### HOU GEEN REKENING

**Die diepere oorsaak hiervan is dat hierdie stelsels nie rekening hou met God en Sy wet nie, maar self die plek van God op aarde wil inneem. Daarom verloor vir hulle ook die beelddraer van God, die mens, sy waarde.** En wat op die oomblik in Europa plaasvind, is die uitvloeisel van die verwerping van die Christelike geloof deur Europa, met die gevolg dat Europa sy ereplek in die Christelike beskawingsontwikkeling verloor.

Hierdie ereplek word nou oorgedra aan Amerika, maar seker nie vir lank nie, want ook daar brand die vlam van die Christelike geloof al baie laag. Maar die mate van respek vir die mens wat daar nog in die Angelsaksiese wêreld opgemerk word, is slegs te danke aan die uitwendige eerbied wat daar nog aan die Christendom betoon word. En dat hierdie eerbied vandaar of na die Ooste al minder word, kom ten duidelikste uit in die groeiende brutaliteit van optrede na mate ons meer Ooswaarts beweeg. Dat ook rasverskille en ander omstandighede hiermee te doen het, is ongetwyfeld, maar die diepste wortel van die ondergang van Europa is sy verwerping van die Christendom, soos die aanname van die Christendom ook die eigelike oorsaak van sy opkoms was, al het dit ook eeue geneem om die heidense barbaarsheid af te sterwe.

#### OOSTERSE OORHEERSING

Die toekoms is inderdaad duister as ons net op die sigbare let. Want dit is duidelik dat Amerika nie die geloofskrag en die sedelike hoedanighede besit om enigsins lank of sterk die Christelike leiding in die wêreld oor te neem nie. En dan kom die finale duisternis van die Oosterse oorheersing teen God en Sy Christus. Maar gelukkig weet ons dat daarna die herstel van alle dinge deur Christus self te wagte is.

**En in hierdie tussentyd, voordat die duisternis toesak, is dit blykbaar ons plig om die grondbeginsels van die Christelike waarheid in ons geloof en ons samelewingstelsel vas te hou en ons te skaar by die Christelike beskawing van die Weste in Amerika, Engeland, Holland en Duitsland veral, en ons klaar te maak vir die onvermydelike eindworsteling teen die duistere magte van die Ooste, blykbaar onder die leiding van die Bolsjewisme.**

Tot nog toe is Duitsland in die Weste as die gevaar beskou. **Ons het hierdie opvatting nie gedeel nie.** Maar in elk geval is daardie werklike of vermeende gevaar nou uitgeskakel. **En nou begin dit al duideliker word dat die eigelike gevaar vir die Christendom en die Weste en die blanke beskawing in die Ooste opdoem, nie in Japan nie, soos baie van ons gedink het, maar in Rusland.** Die eerste toekomstaak van die Weste is om te red wat nog van die Weste, veral Wes-Europa en Afrika, te redde is.

#### GEEN NEUTRALITEIT

**In hierdie stryd kan daar geen neutraliteit meer wees nie en die Ossewabrandwag het klaar sy keuse gedoen.**

Teenoor hierdie allesbeslissende keuse moet al die strydkwessies van die verlede in die niet versink en die hele party-wese wat op daardie nietige strydkwessies opgebou was, verloor daarteenoor alle betekenis.


Ons hoef hieraan nie meer baie woorde te verkwis nie. Die feite spreek self al duideliker en die taal van die feite uit die Ooste is eenvoudig: Aanbid die afgod van die Bolsjewisme en jy sal lewe as sy slaaf. So nie, sterf sonder verhoor en sonder genade.

Daarteenoor pas vir ons almal, kinders van die Westerse Christendom, net een taal:


**Ons sal aan God meer gehoorsaam wees as aan mense, en in gehoorsaamheid sal ons offer en desnoods sterf. Maar voor die dood sal ons vry lewe, gebind alleen deur die wet van onse God en die bande waarmee Hy self ons in die natuur en die geskiedenis bind aan ons medemense, en vir daardie vryheid sal ons veg. Dis nog nie die tyd van die finale duisternis nie. Die lig van geloof, hoop en liefde wat Christus aan die brand gesteek het, brand nog in ons harte, in ons wêreld en in ons land.**

---

Probeer broodkrummels in roereiers. Die geur is fyn en die gekonsentreerde eier word minder ryk gemaak.



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH2274

RADIO-REPARASIES
en
LUIDSPREKER-DIENSTE
Verandering en verbou van draadlose word onderneem. Verbou van draadlose van A.C. na D.C. of andersom. Ombou van batterystelle na elektriese of elektriese na battery.
P. D. SMUTS
A.M.N. Inst. E.
Hoofstraat 287 — PAARL.

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

'N BEROEP

*Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim te stuur na*

*S.A. Hunt, Beenmeel en Kunsmis Maatskappy, Warrenton*

*Ons betaal £7-0-0 per Ton (7/- per 100 lbs.) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling is dus verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur.*

*ONS VOEDINGSVOORSIENING HANG AF VAN DIE VOORSIENING VAN BEENMEEL*

DIE O.B., WOENSDAG, 20 JUNIE 1945.

# REKORDSITTING EINDIG IN „SOCIAL SECURITY" VIR BEROEPSPOLITICI

Na vyf maande se praatjiesmakery het die parlement verlede week tot swye gekom nadat hy etlike rekords geslaan het. Die rekords is naamlik dat dit die langste sitting in twintig jaar is, dat meer as vyf miljoen woorde afgerammel is, dat daar die meeste gekose komitees aangestel is, dat hierdie komitees die meeste getuienis (of liewer klagtes van die volk) aangehoor en die lywigste verslae opgestel het. **Verder noem die Cape Times nog as rekord „'n aansienlike daling in die peil van die debatte en 'n verswakking van die opvatting van waardigheid en goeie smaak".**

**Dit is die rekords wat opgestel is deur die wetgewers van ons land.**

Die volk sou egter baie meer in sy skik gewees het as die rekords betrekking gehad het op die hoeveelheid werk of vraagstukke wat opgelos is. Maar in plaas daarvan stem alle koerante saam dat, in die woorde van die Cape Times, die **sitting nie buitengewoon vrugbaar was nie, en in die woorde van Die Burger, hy arm was aan konstruktiewe wetgewing.**

**OPENBARING**

Die aard van die rekords wat opgestel is, is al vanself 'n openbaring van die vrugteloosheid van ons huidige staatstelsel wat met dweepersywer deur die politici van sowel die regerings- as opposisie-partye verdedig word. Die uitgerektheid van die sitting, wat saamhang met die kolossale stortvloed woorde, waaruit slegs 48 stukkies wetgewing voortgevloei het, **is 'n duidelike bewys dat die parlement nie meer 'n instrument van regering is nie, maar verval het tot 'n speelterrein waarop die meedingende partye 'n durabele voorspel lewer vir die groot uitdaagwedstryd tussen hulle elke vyf jaar by die stembus. Dit is 'n propagandaverhoog vanwaar af seepkis-politici hul eie klein belange probeer bevorder, en in 'n vitterige atmosfeer van teenkanting hulself vermaak met stuitlikhede en persoonlike afhalery.**

Dit spreek vanself dat in so 'n muwwe dampkring van kleinlike oppervlakkigheid daar geen tyd of plek is vir die bevrugting van die menslike denke nie. Vandaar dat daar telkens met die aanvang van die sitting wetsontwerpe, opgestel in die rustige atmosfeer van staatskantore ter bevordering van die volkswelvaart, in die vooruitsig gestel word, maar teen die einde van die sitting vermuf tot studiestof vir die een of ander gekose komitee van beroepspolitici. En vandaar dan ook die rekord hierdie jaar ten opsigte van die totale aantal dergelike komitees wat aangestel is om die oplossing van dringende vraagstukke op die lange baan te skuif.

**BO VUURMAAKPLEK**

Maar ook hierdie rekord is kensketsend van die onvermoë van die parlementêre stelsel in die twintigste eeu. **Dit is ook 'n sydelingse erkenning dat die werk van staatsbestuur so ingewikkeld geword het dat dit heeltemal bo die begrip van die deursnee politikus verhewe is, en laasgenoemde daarom sy toevlug in debat moet neem tot stuitlike tussenwerpsels. En tog bly hierdie onkundige politici die hoogste regters oor die wel en wee van die volk.** Wanneer 'n gekose komitee, onder wie daar soms toevallig 'n paar deskundiges tel, 'n verslag met aanbevelings aan die parlement voorlê, dan nog is dit so bo hul vuurmaakplek dat die verslag op die rakke geplaas moet word — getuie die verslag van die gesondheidskommissie verlede jaar.

Vraagstukke word dus nie opgelos nie, met die gevolg dat die parlement se gekose komitees nog die verdere rekord kon opstel dat hulle die grootste aantal getuienis, of soos ons verkies om dit te noem, klagtes die afgelope jaar moes aanhoor.

**EIE VEILIGHEID EERSTE**

Die kleinlike eie-belang van die beroepspolitici steek in hierdie sitting van rekords kennelik uit van begin tot end. **Ons dink slegs aan die voorstel by die opening van die parlement dat parlementslede vrygestel moet word van die beperkings van vleisbeheer, en aan die feitlik eenparige besluit aan die einde van die sitting vir toekenning van 'n £150 bonus aan parlementslede self. Die sitting het begin met die aankondiging van „Social Security" vir die ganse volk en dit het geëindig met „Social Security" vir die beroepspolitici. En hierin is 'n hoogtepunt bereik ook wat betref eenstemmigheid en goeie smaak. Binne 30 minute was dit op die wetboek geplaas. Dog vir wetgewing vir mynteringlyers en bestaansveiligheid in die algemeen, was daar in hierdie rekordsitting van 107 dae weens gerekte propaganda-praatjies onvoldoende tyd.**

Die bestaansveiligheid wat twee jaar gelede vir die volk in die parlement aangekondig is, het geëindig in bestaansveiligheid vir die beroepspolitici alleen. En daarin het die tradisionele teenstand van die parlementêre opposisie opvallend ontbreek.

# *Die Grotes van die Wêreld*

(Deur Prof. J. A. Wiid)

Daar is in die loop van die huidige oorlog dikwels gepraat en geskryf van die „Grotes". Volgens die Geallieerdes sou daar *Vyf Grotes* wees, t.w. die Verenigde State van Amerika, Sowjet-Rusland, Brittanje, Frankryk en China. Soms word daar slegs melding gemaak van *Drie grotes*, t.w. die eerste drie met weglating van Frankryk en China. Volgens die Amerikaanse ekonoom A. H. Hansen in sy werk „America's Role in the World Economy" wat hierdie jaar verskyn het, sou daar selfs net *Twee Grotes* wees van wie die toekomstige wêreldvrede afhanklik sou wees, nl. die Verenigde State van Amerika en die Sowjet-Unie. Grotes van gister soos Duitsland, Italië en Japan, d.w.s. die vyande van vandag, word natuurlik nie onder die Grotes van die wêreld gereken nie.

**GROOTHEID EN SY BETREKLIKE BETEKENIS**

Soos alles in die menslike wêreld is ook die *grootheid* van die *Vyf Grotes* 'n baie *betreklike grootheid*. Van *absolute grootheid* kan hier geen sprake wees nie. Maar selfs as ons hierdie *betreklikheid* buite rekening laat, dan nog is dit te betwyfel of die huidige Frankryk en China kan deurgaan as Grotes, as Grootmoondhede. Die Franse ineenstorting van 1940 en Frankryk se magteloosheid op alle gebiede sedert daardie tyd, regverdig dit seer seker nie dat hierdie land op die huidige tydstip onder die *Grotes* gereken kan word nie. 'n Frankryk sonder magtige bondgenote kan vandag op eie houtjie heel weinig in die wêreldpolitiek uitrig. 'n Frankryk met magtige bondgenote is 'n ander saak, maar dan is dit die bondgenote en nie Frankryk nie.

Met China is dit vandag nie anders nie. As die Japanners eers uit China verdryf word, dan sal die nuwe China met sy reusagtige bevolking en sy aaneengeslote reusagtige grondgebied wel die *potensialiteite* van 'n *Grote* kan hê. Maar dit is toekomsmusiek en daar sal baie water in die see moet loop voor China op die status van grootmag geregtig is en voor hierdie land sonder magtige bondgenote iets in die wêreldpolitiek sal kan uitrig.

**BRITTANJE**

As die huidige Wêreldoorlog iets bewys het dan is dit die magteloosheid van die Britse Statebond en die Empaaier om sonder magtige bondgenote iets beslissends te kan uitrig. Dit is bekend hoe Brittanje in 1940 en 1941 uit Europa verjaag is, hoe sy Europese bondgenote gedurende hierdie jare beslissend verslaan is en hoe Singapoer, die sleutel van sy ryk in die Verre Ooste, benewens ander waardevolle gebiede, deur die Japanners oorrompel is. Dit is waar dat Brittanje self, in sy eilandposisie, van 'n regstreekse inval gespaar gebly het en dat sy sterk vloot, soos in die verlede, die noodsaaklike verbinding met ander wêrelddele gehandhaaf het. Dit kan egter nouliks betwyfel word dat Brittanje sonder die hulp van latere bondgenote, die Sowjet Unie en die Verenigde State, die paal nie sou gehaal het nie. Vir 'n beslissende oorwinning was die kernland, Brittanje, vanuit Europa te kwesbaar, die Britse bevolking te klein en die Empaaier te verspreid.

**SELFS CHURCHILL BEKOMMERD**

In sy tweede verkiesingstoespraak van onlangs het die Britse premier o.m. die volgende gesê: „Ons is nie so baie mense dat ons dit kan bekostig om mekaar vir 'n onbepaalde tyd neer te haal en te verkleineer terwyl ons daarna strewe om die hart van die Britse Ryk en Statebond te wees en as sodanig sy aan sy met magtige entiteite soos die Verenigde State en Sowjet-Rusland te stap nie."

Churchill het hom voortgaande besorg verklaar oor Brittanje se dalende geboortesyfer en daarop gewys dat daar tans baie minder Britte onder 20 is as aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog.

Hierdie Britse swakheid teenoor sy magtige bondgenote, die Verenigde State en Sowjet-Rusland, word verder bevestig deur 'n verklaring wat Stimson, Amerikaanse minister van oorlog, onlangs gedoen het. Volgens Stimson het genl. Eisenhower 91 Geallieerde divisies onder sy bevel gehad in die oorlog teen Duitsland. Hiervan was 60 Amerikaanse divisies, 11 Kanadese, vyf Franse, een Poolse en slegs 14 Britse.

Hierdie 14 Britse divisies teenoor 60 Amerikaanse divisies in 'n oorlog op die drempel van Brittanje self, spreek vir hulself. Ook wat die oorlog teen Japan betref, bestaan daar geen rede om aan te neem dat die verhouding tussen Britse en Amerikaanse divisies anders is nie.

**NIE VYF MAAR SLEGS TWEE GROTES**

'n Mens kom dus meer en meer tot die gevolgtrekking dat daar in werklikheid nie *Vyf Grotes* of selfs *Drie Grotes* is nie maar alleen *Twee Grotes* wat oor genoeg eie mag beskik om sonder die hulp van bondgenote hul wil in alle belangrike sake deur te druk solang hulle nie met mekaar in botsing kom nie. Dit is ook 'n gedagte wat genl. Smuts reeds lang gelede in sy opsienwekkende ontplofbare toespraak uitgespreek het.

Die huidige Britse Ryk en Statebond beskik dus nie oor die magsmiddel om sonder magtige bondgenote sy wil teenoor Rusland of teenoor die Verenigde State te laat geld nie. Vandaar dan ook dat Brittanje vandag alles in sy vermoë doen om die bondgenootskap met die Verenigde State, sy natuurlikste vriend en verwante, op alle moontlike maniere te versterk en te bestendig. Die terugtrekking van Amerika uit die wêreldpolitiek soos in 1919, kan vir die Britse Ryk en Statebond noodlottig wees, want ook vir die Londen van vandag is die „splendid isolation" van 'n lord Palmerston uit die dae van koningin Victoria nie meer moontlik nie.

Daar bestaan dus vandag in werklikheid nie Vyf Grotes nie maar slegs Twee Grotes en hierdie Twee Grotes elk met sy aanhang is besig om in twee kampe te verdeel. Die skrif aan die muur is baie duidelik.

# L.V.'S GEE HULSELF £150 VERHOGING

**Die parlementslede het onder blyke van groot eenstemmigheid aan die einde van die sitting verlede week £150 tot hul eie salarisse toegevoeg as „oorlogsbonus". Sover onthou kan word, is dit die enigste maatreël van die sitting waaroor die regering en opposisie heelhartiglik saamgestem het. Dit is deur opposisie-sprekers in dieselfde asem aanvaar waarin hulle die regering dit kwalik geneem het dat hy nie die treingeld verminder met die oog daarop dat die oorlog nou verby is nie.**

# SAMEWERKING

Mnr. Tom Naudé, van Pietersburg, het verlede week in die parlement 'n beroep op groter samewerking gedoen. Hy het gesê dat daar met die Ossewabrandwag, die Afrikanerparty en die Nuwe Orde saamgewerk moet word ter oplossing van die groot volksvraagstukke waaroor almal eners voel.

Mnr. Eric Louw het verduidelik dat mnr. Naudé net namens homself gepraat het, daar dit „sekerlik nie die standpunt van die H.N.P. is nie".

# Oud-kampleier Betuig Dank Namens Ge-interneerdes

Genl. O. L. Nel van Natal skryf as volg:

Aangesien die Boere-interneringskamp tans byna leeg is — en ek hoop van harte dat die paar wat nog oorbly ook binnekort losgelaat sal word — het die tyd aangebreek om deur middel van u blad 'n paar woorde van waardering uit te spreek aan die talle vriende (inne) en belangstellendes wat in daad en gees ons bygestaan het. Ek skryf namens al my kampgenote as één van die oud-Kampleiers en ek is seker dat ek ook die gevoelens van my voorgangers en my opvolgers (na my loslating in Des. 1944) vertolk as ek sê dat woorde nie sterk genoeg kan wees om die dank en waardering van alle geïnterneerdes uit te spreek vir die belangstelling in ons en in ons gesinne en dierbares wat daar buitekant die kamp hul lot in eensaamheid en in beproewing moes dra. Dit was 'n riem onder ons harte en 'n wonderlike aanmoediging om te weet dat daar getroue en goeie vriende buitekant die doringdrade is.

In ons kamprekords staan die name van al die vriende en organisasies wat ons lot in die kamp draagbaar gemaak het, maar dit sal onmoontlik vir my wees om almal se name te onthou en langs hierdie weg te openbaar. Nogtans wil ek 'n paar uitstaande gevalle noem: Ons het die opoffering van ds. Botha, die plaaslike leraar van Koffiefontein, baie gewaardeer wanneer hy ten spyte van swak gesondheid en 'n hoë ouderdom kerkdienste in die kamp kom hou het en dit wel sonder om die werk van sy gemeente te verwaarloos. Ons is innig dankbaar aan die komitee en aan die Ossewabrandwag wat vir ons lekkernye met Kersfeeste gestuur het. Ons het ook die beskuit, groente, ens., wat verskeie O.B.-kommando's van tyd tot tyd vir ons gestuur het, baie gewaardeer. Die F.A.K. het ons gereeld met goeie leesstof en tydskrifte voorsien en die Universiteits Korrespondensie-Kollege het lesings gratis vir ons studente gestuur.

## MEV. IMMELMANN

**Die naam van Kommandante Immelmann van Koffiefontein sal nooit deur geïnterneerdes vergeet word nie. Sy het nie net gereël dat die Kersfees-lekkernye die kamp bereik nie, maar sy het ook familielede wat geïnterneerdes kom besoek, gratis gehuisves en nogal gesteurd gevoel as aan haar vergoeding aangebied word of wanneer familielede by die plaaslike hotel tuisgaan. Lank lewe mev. Immelmann en haar eggenoot!**

Ek wil ook 'n spesiale woord van dank aan die Evaton-kommando uitspreek wat so gereeld soos klokwerk byna elke drie maande 'n bedrag van £12 tot £18 vir ons gestuur het. Daarmee het ons bykomende kos gekoop wat gedien het om die kampmaaltye meer smaaklik te maak. Daar is talle ander gevalle van individue en groepe persone wat vir ons ook geld, vrugte, hout (vir houtwerk) ens. gestuur het, die name van wie my op die oomblik ontgaan het. Ons is jeens hulle almal baie baie dankbaar.

## NOODHULPFONDS

Ons hoogste waardering is aan al die vriende dwarsdeur die lengte en breedte van Suid-Afrika wat so ryklik tot die O.B.-Noodhulpfonds bygedra het waardeur ons dierbares in stand gebly het. Ons eie lot in die kamp was van die minste belang, maar die gedagte dat ons dierbares versorg word was 'n wonderlike aanmoediging vir ons om gestaald te bly. Laaste maar verreweg nie die minste nie, het ons die woorde van aanmoediging van ons Kommandant-generaal en van alle Brandwagte in die land ten seerste gewaardeer. Dit het ons aangespoor om oor ons ontberings te lag en grappe te maak, want ons het geweet dat die volksmanne en patriotte van ons vaderland met ons in gees en in daad is.

Die Boere-geïnterneerdes bring 'n duisend HULDES aan ons Kommandant-generaal en aan al ons vriende en vriendinne.

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



**L. S. v. d. V. REYNDERS**
**van Harrismith.**

**Op 13 Febr. 1942 te Pretoria in hegtenis geneem as staatsamptenaar. In Sentrale Gevangenis aangehou tot 11 April. Daarna te Koffiefontein geïnterneer. Op 3 Nov. 1942 ontsnap en weer op 1 Mei 1943 gevang. Van die een tronk na die ander tot hy uiteindelik weer na Koffiefontein gestuur is. Op 5 Febr. 1944 losgelaat op huisarres te Harrismith.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".**

# BOEREJEUG LEWE OP TIERVLEI

Die Boere-dogters en -seuns van Tiervlei het andermaal Tiervlei se naam hoog gehou. Deur die Veldkornette, bygestaan deur korpl. Foot van die manne-kommando, is 'n basaar georganiseer ter stywing van die Boerejeug se 8 Augustus-fonds. Die basaar is voorafgegaan deur 'n gesamentlike vlaghysing van die seuns en dogters onder bevel van korpl. Foot en is besonder knap uitgevoer. Generaal G. Retief van Bellville het ook oorgekom en 'n kragtige toespraakie gehou, nadat hoofkomdt. Strauss met gebed geopen het.

Die mooi bedrag van £20 is ingesamel waarvoor veldkte. Francken alle lof toekom. Die Boerejeug van Tiervlei lewe ten spyte van alle aanslae van die partypolitiek en marsjeer voort saam met die groot O.B.

---

Die Boerejeug van Wynberg het op 9 Junie ten huise van hfkomdt. P. D. Cilliers 'n baie aangename byeenkoms gehou. Die opkoms was goed en die seuns en dogters het veral die toespraak van jeugkomdt. D. Pienaar baie geniet. Hulle sien uit na die volgende funksie.

# H.N.P.-KOUKUS AG VERTROUE-MOSIE NOODSAAKLIK

Die koukus van die Herenigde Party het aan die einde van die sitting dit raadsaam geag om 'n mosie van vertroue in hul leier, dr. Malan, aan te neem en te publiseer. Die noodsaaklikheid vir so'n buitengewone mosie blyk uit wat op die laaste dag van die sitting gebeur het. **Die hoofsweep van die party, mnr. Tom Naudé, het naamlik 'n beroep op samewerking gedoen en ook die name van die Ossewabrandwag, die Nuwe Orde en mnr. Havenga genoem — 'n houding wat ooreenstem met die Ossewabrandwag se amptelike beleid. Onmiddellik daarna het mnr. Eric Louw opgespring en sy kollega oor die kole gehaal met te verduidelik dat hy geen reg het om namens die H.N.P. te praat, wat nie ten gunste van so'n samewerking is nie.**

Dit is al bekend dat daar 'n sterk flank binne die H.N.P. is wat moeg is vir die skeurbeleid van dr. Malan en sy groepie luitenante, en begeer om in hierdie moeilike tye groter samewerking met enersdenkende Afrikaners te soek. **Die feit dat die koukus dit nodig ag om 'n formele mosie van vertroue in dr. Malan se leiding aan te neem, is 'n aanduiding van hoe sterk hierdie opposisiegroep binne die party al begin word.** Indien dr. Malan voortgaan met sy koppige beleid, kan dit uiteindelik tot 'n skeuring lei. Meer en meer Nasionaliste begin besef dat die groot vraagstukke van ons land nie opgelos kan word in 'n atmosfeer van party-kompetisie nie, en dat die H.N.P. nooit eens aan bewind sal kan kom solank hy hoogs nodige volksgenote verjaag en vervolg nie.


A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

ONS JASSE, BAADJIE- EN JUMPER-PAKKE IS VAN BEROEMDE SNYERS
U SAL DIE SNIT EN STYLE WAARDEER
Steyns
DIE DAMESWINKEL
PAROW

AANDAG!!!
Vanaf 1ste Junie
handel
SPRINGBOK-MEUBELS
as
UNIKA MEUBELS
(EIENS.) BPK.
Huis en Kantoor-Meubileerders
VIR MEUBELS VAN KWALITEIT EN PRAG
Victoriaweg 171
Woodstock
Takbesigheid:
Jan Phillips-gebou — Lady Greystraat,
PAARL — Foon 929

NUWE RIGTING IN PERSWESE
*verkondig*
*NASIONALE EENHEID*
*SOSIALE VOLKSORG*
*en verdedig*
*CHRISTELIKE BLANKE BESKAWING*
●
*GROOTSE PLANNE IN VOORUITSIG*
●
*U BELEGGING HELP DIE AFRIKANERSAAK EN BEVOORDEEL USELF*
●
PERS-BELEGGINGS-KORPORASIE BEPERK
*Groote Kerkgebou 701*
*KAAPSTAD*

Die SEKRETARIS,
PERSKOR,
Posbus 1411,
KAAPSTAD,

Stuur my asseblief besonderhede omtrent Pers-Beleggingskorporasie Beperk.

Naam ..........................

Adres ..........................

!! Ons Advertensie

in die „O.B." van 10 Julie sal besonderhede bevat van 'n MERKWAARDIGE ROMAN deur 'n groot skrywer, ons EERSTE SAKEROMAN.

ELKE AFRIKANER SAL HIERDIE ROMAN WIL BESIT.

Hou advertensies dop vir verdere aankondigings.

NUWE BOEKE:

- Moedertaal en Tweetaligheid, deur dr. P. J. Meyer ...... 2/- posvry.
- Op die Voorpunt van die Tye, deur verskillende Calvinistiese Skrywers ...... 3/3 posvry.
- Verlowing en Huwelik, deur ds. D. Erasmus ...... 4/9 posvry.
- DIE DAMWAL deur Jochem van Bruggen ...... 10/- posvry.
- HIERDIE RYKDOM deur Mareka ...... 6/10 posvry.

**Pro Ecclesia-Boekhandel**
Posbus 29 — STELLENBOSCH

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in Kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| **MOSKONFYT** | 1/6 | 8/6 per gell. in 4-gell. blikke |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is. Moskonfyt word egter net in 12 bottel en 4-gelling hoeveelhede voorsien.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel nl. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.**

Bestel van
EXCELSIOR WYNMAKERY,
(Eien. John Schoeman)
Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

## DUITSERS HET GOED GESORG VIR DENE

Die Geallieerde propaganda herhaal voortdurend die aantyging dat Duitsland die besette lande geplunder en van alle voedsel beroof het. So nou en dan kom 'n korrespondent egter met 'n ander prentjie voor die dag, wat 'n dik streep trek deur alle propaganda-aantygings. So berig die Argus se korrespondent omtrent Denemarke as volg:

**„Die belangrikste feit is egter dat die produksievermoë van Denemarke feitlik onaangetas is, sowel op landbou- as nywerheidsgebied. In die eersvolgende vier maande kan Denemarke 30,000 ton botter, 25,000 ton ham, 4,000 ton eiers en 750 ton kaas lewer,** en voortgaan om op toenemende skaal en teen goedkoper pryse te produseer, mits kunsmis en voer vir die diere verkry kan word.

**„As gevolg van sy volop voedsel is die land nie deur 'n swartmark geteister nie. (Hy was dus nog beter daaraan toe as Suid-Afrika! — Red.)**

**„Die nywerhede, wat meer mense in diens het as die landbou, het voldoende moderne masjinerie, aangesien die Duitsers hulle van nuwe gereedskap voorsien het in 'n poging om die produksie te vergroot.** Sabotasie en weerwraak het groot skade gedoen, maar net van tydelike aard".

Die enigste nadelige gevolge wat die Dene van die Duitse besetting gehad het, skyn dus hul eie sabotasie-dade te gewees het. Maar die nugtere mens vra homself af: **as dit die Duitse beleid in Denemarke was, waarom sou dit in ander lande verskil het? Of lê die verskil daarin dat daar in Denemarke 'n eerlike beriggewer is, terwyl dit in die ander dele van Europa nie dit geval is nie?**

## VOLMAG NODIG

Volgens sy uitlating in die parlement dat samewerking met die Ossewabrandwag uitgesluit is solank laasgenoemde na 'n gesagstaat strewe, het mnr. Louw tot heelwat nuwe insigte gekom sedert 1941 toe sy leier, met wie hy destyds wel saamgewerk het, as volg verklaar het:

**„Die spreek vanself dat die Republikeinse Regering geruime tyd VOLMAG sal moet hê om die Republiek op vaste grondslag te vestig en OM DIE DRINGENDSTE VRAAGSTUKKE OP TE LOS".**

KINKHOES?

Hierdie moorddadige siekte, sowel as brongitis, slyme, borskoue, aanhoudende hoes en koorsigheid word gou genees deur
VINDEX HOESMIDDEL

U sal verbaas wees hoe spoedig hierdie ou beproefde boereraat en huismiddel die sieke kalmeer en verlig. By uitstek geskik vir oud en jonk.

STUUR DADELIK 3/6 VIR 'N PROEFBOTTEL EN OORTUIG USELF.

VINDEX
POSBUS 3446 — KAAPSTAD

ROELOU BARRY
(EDMS.) BPK.

GARAGES EN HANDELAARS

Vir Diens te:

| | | |
|---|---|---|
| Robertson | — | Montagu |
| Ashton | — | Bonnievale |
| Laingsburg | — | Koebergweg, Brooklyn |

# MEER AS HALFMILJOEN POLE SKRIKKERIG VIR HUL LAND

## SOGENAAMDE SLAWEWERKERS WIL NA BEVRYDING NIE HUIS-TOE GAAN

**As 'n mens let op die lot wat Poolse burgers na „bevryding" te beurt val, gaan dit moeilik om te onthou dat die oorlog juis ontstaan het, sover dit Engeland betref, om die vryheid en onskendbaarheid van Pole. Ses jaar lank is 'n oorlog gevoer wat in geweld en verwoesting deur niks voorheen oortref is nie. En nou, ná die „oorwinning" staan die posisie met Pole en sy burgers wat die spit afgebyt het gedurende die ses jaar, as volg:**

Die Poolse regering wat na Londen gevlug het, sit nog in Londen en kan nie terugkeer na hul vaderland nie omdat Pole deur een van die Geallieerdes bevry is, en in die plek van die ou regering 'n kommunistiese poppe-bewind aangestel het. Diegene van die vooroorlogse Poolse regering wat in Pole agtergebly en die ondergrondse stryd teen die Duitsers voortgesit het, is ná „bevryding" in hegtenis geneem en wag op die oomblik 'n vonnis in Moskou af omdat hulle met die Engelse regering in verbinding was agter die linies van hul „bevryders".

**En om hierdie bevryding te bewerkstellig, het Engeland en Amerika miljoene ton voedsel en oorlogstuig na Rusland verskeep waarvoor hulle ten duurste moes betaal aan skepe en menselewens wat die Duitse duikboot- en lugmag-aanvalle moes trotseer.**

### BRITSE BURGERSKAP

Dit is ook bekend dat daar in Wes-Europa een Poolse divisie deelgeneem het aan die bevrydingsoorlog, terwyl daar op ander dele van die strydtoneel, o.a. Italië, ook Poolse afdelings geveg het.

**Ná bevryding van hul vaderland, is aan hulle goedgunstiglik toestemming deur die Britse regering verleen om Britse burgerskap te ontvang. In totaal is aan meer as 200,000 van hierdie Poolse soldate Britse burgerskap verleen omdat hierdie stryders van die Poolse vaderland nie vrymoedigheid het om na hul bevryde vaderland terug te keer nie. Hulle opvatting omtrent die „bevryding" verskil enigsins van die Britse. Hulle verkies dus bannelingskap bo bevryding.**

Maar daar is ook nog 'n ander groep Pole waarvoor die Britte hulle baie uitgesit het in hul bevrydingspoging. **Dit is die sogenaamde Poolse slawewerkers in Duitsland.** Hierdie mense, so is aan ons vertel, is deur die Duitsers in slawerny weggevoer om in Duitse oorlogsfabrieke te kom werk. Teen hul sin moes hierdie Pole slawe-arbeid in Duitsland verrig, en tienduisende lewens moes opgeoffer word om hulle te bevry.

### ONDANKBAAR?

Hul optrede ná bevryding gee die indruk van groot ondankbaarheid — as natuurlik in aanmerking geneem word dat die oorlog ontstaan het terwille van die bevryding van Pole. **Die Argus se korrespondent berig naamlik voorverlede week dat daar 'n kwartmiljoen van hierdie Poolse „slawe" is wat weier om Duitsland te verlaat.** Die korrespondent probeer redes aangee vir hierdie eienaardige optrede, maar uiteindelik kom hy onomwonde met die sak patats te voorskyn. Sy berig lui:

**„'n Klein Pole word nou gestig aan die wes-grens van Duitsland en Holland . . . as 'n oplossing vir die moeilike vraagstuk van meer as 'n kwart miljoen Poolse „slawe-arbeiders" wat in Brits- en Kanadees-bevryde Duitsland bevry is, en nie na Pole kan of wil terugkeer nie.** Die meerderheid kan nie terugkeer nie, omdat daar nog geen reëlings met die Russe getref is om hulle terug te neem nie, maar desnietemin is **die waarheid dat die meerderheid nie wil teruggaan nie. Hulle is met 'n sterk twyfel vervul ten opsigte van die Lublinse regering en die houding van die Russe jeens hulle.**

„Gevolglik ontstaan daar 'n Poolse minderheid in die ryk landbougebied van Haren. Dit is 'n noodhulppoging en wel een waaroor die Britse regering nie te gelukkig voel nie. **Niemand in Haren het 'n idee hoelank die verblyf sal duur nie, omdat niemand die antwoord weet nie. Die Pole beskou hulleself as 'n verlore stam, maar is op die oomblik nog heeltemal vrolik".**

**'n Verlore stam van 'n bevryde volk in bevryde gebied! Siedaar Engeland se „magtige" oorwinning! Geen wonder dat die korrespondent aan sy feesvierende volksgenote in Suid-Afrika berig dat die Britse regering nie te gelukkig oor die saak voel nie!**

# Misdadigers Bo Soldate Bevoorreg

Dit wil voorkom of die regering baie meer liefde het vir die misdadige skollie as vir sy eie soldate wat 'n dissiplinêre oortreding begaan het. Met „Victory"-dag is alle misdadigers wat nog drie maande of minder in die tronk moes uitdien, losgelaat. Die polisie het dan ook verwag om binne 'n week 'n hele aantal van hulle weer terug te hê weens nuwe misdade.

**In die militêre strafkamp te Pretoria was daar egter tientalle soldate wat tot soveel as 18 maande gevangenisstraf ontvang het omdat hulle sonder verlof afwesig was. Hierdie manne wat self bygedra het tot die oorwinning, het egter nie 'n enkele dag afslag gekry nie.**

Dit stem natuurlik ooreen met die regeringsbeleid wat blankes ontwapen, maar weier om skollies te ontwapen omdat dit dan 'n skending van die persoonlike vryheid sal wees, soos dr. Colin Steyn in die parlement gesê het!

Die Britse parlementslid, kapt. Ramsay, het onlangs kennis gegee van 'n voorstel in die Laerhuis om 'n ou wet van 1290, wat Jode verplig het om o.a. 'n geel onderskeidingsteken te dra, weer in te voer.

# EINTLIKE OORLOGDOEL GEOPENBAAR

## DUITSE WÊRELDHANDEL MOET VERNIETIG WORD

### SLOPING VAN ZEISS-FABRIEKE TEN KOSTE VAN WETENSKAP

**Die eintlike oorlogsdoel van die kapitalistiese demokrasie begin nou so stadig aan deurskemer in die uigtone van die oorwinnaars en die aankondigings van hul voornemens. Daaruit blyk duidelik dat dit nie die vryheid van Pole was wat hulle tot sulke groot opofferings aangespoor het nie — trouens Pole is vandag meer onvry as by die uitbreek van die oorlog — maar die vryheid van die kapitalistiese wêreldhandel.**

Genl. Eisenhower kon verlede week aan die nywerheidsmagnate in Engeland en Amerika die volgende boodskap stuur:

**„Duitsland sal nooit weer in staat wees om met enige ander hoog-geïndustrialiseerde land mee te ding nie".**

En 'n dag of wat later het die Amerikaanse Jood, Morgenthau, uitgeroep:

**„Duitsland en Japan sal totaal uitgeskakel word uit die toekomstige wêreldhandel. Hulle sal egter nie gemis word nie. Europa kan Duitsland se handel oornag absorbeer".**

Nog duideliker kom die bedoelings uit waar dit gaan om die onbetwiste baasskap van die Duitse wetenskaplike nywerhede. **Vir jare reeds is dit 'n bekende feit by elke leek dat die Duitse wetenskaplike apparate die beste in die wêreld is weens die Duitse deeglikheid. Die Zeiss-instrumente het eenvoudig ten spyte van hoë invoerbelasting enige Britse produk op hierdie terrein uitgestof.**

**Nou kom daar 'n berig van San Francisco dat dit die voorneme van die oorwinnaars is om hierdie Duitse wetenskaplike fabrieke met die grond gelyk te maak en die wêreldberoemde werkers in die oogkundige fabrieke van Jena uit hul vaderland te verban.**

Duitsland durf dus nie meer instrumente fabriseer wat vir wetenskaplike navorsing ook in die Angelsaksiese wêreld gretiglik gebruik word nie. Voortaan sal wetenskaplikes tevrede moet wees om tweederangse instrumente van Britse maak te gebruik.

#### GROOT SKADE

As rede vir hierdie sloping van die Duitse wetenskaplike nywerhede word genoem dat hierdie fabrieke gedurende die oorlog bomvisiere vervaardig het! **Die belaglikheid daarvan word besef as in aanmerking geneem word dat die Geallieerdes voornemens is om Duitsland vir twintig tot dertig jaar te beset, en dus kan toesien dat daar geen bomvisiere gemaak word nie.** Morgenthau het egter die rede aangetoon: **Duitsland moet uitgeskakel word uit die wêreldhandel en waar hy weens die deeglikheid van sy werk 'n wêreldmark verower het, moet sy fabrieke gesloop en sy vaardige werkers verban word tot skade van almal behalwe die Joodse nywerheidsbase.**

In hierdie verband het prof. J. B. S. Haldane in die Forward by voorbeeld opgemerk dat die wêreld nie sonder die Duitse wetenskap kan klaarkom nie. Die beroemde sulfamedisyne (waartoe die M en B-pille behoort) is by voorbeeld eerste deur 'n Duitse wetenskaplike ontdek. Verder wys die professor daarop dat daar 'n groot tekort aan gesigskundige apparate is waarsonder die wetenskap jare teruggegooi sal word.

**Hierdie apparate word deur die Zeiss-fabrieke gelewer, en vernietiging van laasgenoemde sal 'n verlies vir die hele wetenskap wees. „Natuurlik sal mededingers in Engeland en Amerika baie bly wees as die Duitse gesigskundige fabrieke gelikwideer word",** verklaar prof. Haldane.

Die oorlog is gewen. Die vrome voorwendsels val stadig af om die naaktheid van die hebsugtige motiewe daaragter te openbaar.

## „HITLERMETODES" WORD SKIELIK BESKAAFD

Die Britse en Amerikaanse regerings is glo diep bekommerd oor die verdrywing van 3,000,000 Duitsers uit Tsjeggo-Slowakye deur die nuwe Tsjeggiese regering, maar verroer geen vinger om dit te voorkom nie. Dit is Duiters wat die Sudetenland bewoon en nou sonder verdere voorsiening die land uitgejaag word. **Die bekommernis is egter net dat hierdie mense na die Geallieerde deel van Duitsland sal vlug.**

'n Paar weke gelede is in ons parlement 'n wet aangeneem wat die Minister van Naturellesake magtig om 'n klein naturellestammetjie van 'n paar honderd siele in Suidwes na 'n ander gebied te verskuif. Een parlementslid het dit ten sterkste afgekeur en dit 'n „Hitler-metode" genoem. Die Minister het geantwoord dat dit van Hitler verskil in sover Hitler nie vooraf 'n ondersoekkommissie sou ingestel het nie! 'n Mens wonder watter verskoning daar vir hierdie Tsjeggiese bondgenoot se „Hitler-optrede" gevind sal word, want selfs die ondersoek-verskoning kan hier nie geld nie.

### DEEL VAN 5,000,000 WOORDE-REKORD

Onderstaande brokkie uit Hansard is tiperend van die inhoudlose draaltrant eie aan beroepspolitici in die parlement:

Mnr. J. H. CONRADIE: Wat is verkeerd daarmee?

Mnr. MENTZ: My agb. vriend vra wat is verkeerd daarmee. Ek wil aan hom sê wat is verkeerd daarmee. Hy moet na Johannesburg kom, dan sal hy sien wat is verkeerd daarmee.

**Die Philippi-veldkornetskap** (manne en vroue) van die Vlakte-kommando het op 9 Junie 'n funksie gehou ter stywing van die O.B.-Dagfonds. Die mooi bedrag van £26 is ingesamel.

## DEMOBILISASIE IN ENGELS

By die verwelkoming van die 2,000 Suid-Afrikaanse krygsgevangenes wat verlede week in Kaapstad aan wal gestap het, is alle toesprake net in Engels gehou, hoewel die meerderheid van die manne Afrikaanssprekend was. Net die Rooikruis-dame het uit haar pad gegaan om 'n paar woorde in Afrikaans te besig.

**Toe hierdie manne gewerf is, is hulle in vloeiende Afrikaans toegespreek. Hulle moes mos glo dat hulle vir Suid-Afrika gaan veg. Nou dat hulle gedemobiliseer word, geskied dit in Engels. Dit was mos vir Engeland se belange wat hulle geveg het!**

## BALK IN EIE OOG

Mnr. Eric Louw het verlede week in die parlement gepleit vir 'n ondersoek na die Suid-Afrikaanse pers, omdat die Engelse pers dan nie onpartydig is nie. As voorbeeld het mnr. Louw verwys na die Cape Times wat die dag tevore geen toespraak van 'n H.N.P.-lid gepubliseer het nie, terwyl die Nasionale Pers toesprake van regeringslede geplaas het.

'n Ondersoek sal van O.B.-kant ook verwelkom word, want dit sal aan die lig bring dat mnr. Louw se eie pers weier om selfs 'n betaalde advertensie van die Ossewabrandwag of Noodhulpfonds te publiseer — laat staan nog 'n toespraak.

## SONDER GESAG?

Mnr. Eric Louw het verlede week in die parlement namens die H.N.P. na aanleiding van 'n debat oor kommunisme gesê dat samewerking met die Ossewabrandwag uitgesluit is solank hy na 'n gesagstaat strewe.

**Blykbaar strewe mnr. Louw tans na 'n staat sonder gesag — soos in Bulgarye waar die party aan bewind geen gesag het nie, maar alle gesag in die sekretaresse van die kommunistiese party setel.**


diens

EEUFEESPOSKAARTE
1/6
Per Dosyn

SLEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENNINGS
Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES
9d
Posgeld 2d.

DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS
UNIEWINKELS
(KOÖPERATIEF) BEPERK
Geregistreer onder Wet Nr. 29 van 1939
PRETORIA
Kerkstraat 275

TAKKE:
Johannesburg
Vereeniging
Benoni
Kaapstad.


MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

Grootfontein-Stoetery
van Wanganella-Skape, Boerbokke, Persies, Ryperde en Afrikanerbeeste



Probeer hierdie stoet vir goeie, goedkoop ramme van 'n gewenste gladdelyftipe. Vanaf 1924 opgebou uit beste bloed in Suid-Afrika en ongeëwenaarde suksesse behaal met hoë kwaliteit wol. Pryse baie billik, behandeling streng eerlik en tevredenheid gewaarborg. Doen navraag by:

THEUNIS S. BOTHA — P/s. GROOTFONTEIN, — SOMERSET-OOS

